

Sing vooraf: Psalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 42:1 (p. 214)

- 1 Soos 'n hert in dorre streke / skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke, / skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER, / na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing, / God weer sien in klare aanskouing?

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met:
Psalm 19:6 (p. 83)*

Wet

Psalm 19:6 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Gebed

Ons dank U, ons almagtige God en Vader, dat U ons as 'n kerk weer in gemeenskap
bymekaar gebring het, sodat ons onself kan voorberei om die Nagmaal te vier.

Laat ons onself reg ondersoek, sodat ons met vreugde en blydschap aan U tafel kan
aansit, sonder om 'n oordeel oor ons te eet en te drink. Ons is so swak in ons eie krag,
Here, wat meer kan ons doen as om U alleen te loof vir u genade, en die verlossing wat U
vir ons voorberei het in die dood van Jesus Christus. Hoe kan ons U behoorlik bedank as
ons die saak nie eers reg en goed begryp nie? Hoe kan ons met ons menslike taal U dank
vir u genade en weldade oor ons? Sien ons tog aan in ons swakke menslikheid, en in ons
beperkthede. Vergewe ons ons snode ondankbaarheid waarmee ons so dikwels teen U
sondig. Ontvang ons dank wat ons aan U toebring – U wat in die ewigheid tron.

Gaan met ons op hierdie rusdag. Beskik dit so dat alles U heerlijkheid sal laat skyn en U
roem verkondig. Laat ook U lig skyn in die opsien en regeerwerk van die kerkraad. Maak
ons werk opregte diens waarin ons u koninkryk bou – werk waarin ons niks van ons eie
eer soek nie.

Versterk ons almal met u Heilige Gees, sodat ons deur u prediking versterk sal word.
Vergewe ons al ons menigvuldige sondes en verhoor ons gebed om Christus ontwil.

Amen.

Psalm 92:6 (p. 467)

- 6 'n Palmboom hoog en rustig, / 'n seder sterk en skoon / met breë blarekroon –
so groei Gods volk, so lustig. / Hul groei deur Gods genade: / hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is, / in skone lofgewade.

Skriflesing: Jeremia 2:1-13

Teks: Jeremia 2:13

Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie. (Jeremia 2:13 AFR1953)

Twee sondes tegelyk! Omdat 'n mens nooit net een sonde op 'n slag kan doen nie. Om een gebod van God te oortree, is daar altyd ander in gedrang. In hierdie geval het Israel altwee die eerste gebooue oortree.

- Hulle het God verlaat – dis 'n oortreding van die eerste gebod.
- Hulle het toe ander gode in die plek van God gekry – dis 'n oortreding van die tweede gebod.
- Daarom sê die Here vir Jeremia: My volk het twee verkeerde dinge gedoen.

Geen mens kan God en Mammom tegelyk dien nie – die Jode ook nie. Daarom het hulle God – die Lewende Fontein – verlaat en afgode aanbid – hulle het reënbakke gaan uitkap in plaas van om skoon Fonteinwater te drink.

Jeremia word profeet in die 13de regeringsjaar van koning Josia. Hierdie jong koning – wat op hierdie stadium maar 20 jaar oud was – het hom baie vir die Here beywer.

- Hy het onder andere die tempel laat skoonmaak, en toe ontdek hy die wetboek van die Here daar.
- Die volk se godsdienste het so agteruitgegaan dat die koning nie eers geweet het dat daar 'n wetboek van God is nie!
- Die koning moes dit maar ontdek toe hy die huis van die Here opknop!

Die koning was nie alleen in die reformasie wat hy nou van stapel gestuur het in Juda nie. Jeremia, die profeet van die Here, het hom gesteun met vurige prediking.

Na die reformasie het daar egter nog baie sondes oorgebly. Dit was:

- Egbreuk – lees maar Jeremia 5:8
- Bedrog en afpersing – Jeremia 6:6, 13
- Uitwendige vormgodsdienste – Jeremia 7:21-23

Maar dit word al erger. Josia is nie meer koning nie.

- Sy seun Jojakim word koning, en hy breek die werk van sy vader af so vinnig as wat hy kan.
- Hy voer afgodery in sy naakte vorm weer terug in Juda.

Daarom dra Jeremia se prediking die karakter van oordeelsaankondigings. In die voorgelese gedeelte herinner God hulle aan alles wat in die verlede gebeur het.

- Eers word vertel van die uittoeg uit Egipteland.
 - Die volk was heeltemal afhanklik van God.
 - Al was daar hoeveel opstand en onrus onder die volk tydens die woestyntog, het hulle God tog gewillig in die wolk- en vuurkolom gevolg.
- Daarom sê die Here dat die tyd was soos 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou.

Gaan en roep uit voor die ore van Jerusalem en sê: So spreek die HERE: Ek onthou die geneentheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd, toe jy agter My aan geloop het in die woestyn, in 'n onbesaaide land.”
(Jeremia 2:2 AFR1953)

Die liefde van jou bruidstyd, toe jy agter my aan geloop het in die woestyn – so noem die Here dit.

Maar van vers 4 af verander die gedeelte.

- Baie skerp begin die Here hulle verwyd dat dinge toe begin verander het.
- Die bruid het aan haar Eggenoot begin ontrou word.
- Met groot klem op sy woorde roep God hulle nou om na Hom te luister.

Die Here vra 'n vraag.

- Hy wil hê hulle moet sê of Hy hulle rede gegee het om nie langer in Hom te glo nie.
- 'n Baie ernstige vraag. As die volk die moed sou hê om “ja” te sê, sou God dadelik in sy felle toorn op hulle losbrand. Dit sou 'n naakte leuen wees.

Die Israeliete sou dan teenoor die Here moes erken dat hulle snood ondankbaar is oor al die genade wat Hy aan hulle bewys het.

Afval van die Here is altyd 'n daad van ondankbaarheid.

- Israel het vergeet dat God hulle verander het van bediendes wat sonder betaling moes werk in Egipteland, tot vry mense wat hulle eie land het, en hulle eie besittings.

En dit het met Israel net so gegaan soos wat dit vandag nog met ons gaan.

- Dit was nie net die volk wat verkeerd was nie.
- Die regering het hulle voorgestaan om van God af weg te breek en die priesters – die predikante – het heel voor geloop en hulle aangespoor om die kwaad te bedryf.
 - Die priesters, wat spesiaal geroep was om net vir die Here te werk, het nooit gevra wat God van hulle verwag nie.
 - Hulle het geen moeite gedoen om God in sy ordeninge te ken nie.

Selfs die profete van die tyd het hulle niks aan God gesteur nie.

- Hulle het ook agter waarsêery en die heidense gees aangeloop.
- Vers 8 wat ons gelees het, sê dat hulle agter Baäl aangeloop het, en deur hom geprofeteer het.

Hierdie gedeelte leer baie duidelik wat gebeur wanneer die kerk sy roeping teenoor God verloor.

- Dadelik het God rusie met sy volk!
- God het alle reg aan sy kant en Israel kan niks vir hulleself sê nie.

Van vers 10 af is die Here heeltemal onverbiddelik teenoor die Jode.

- Hy stuur hulle na die heidene toe –
 - Hy sê hulle moet na die Kittiërs gaan kyk.
 - Hulle moet gaan kyk na die Kedareners.
- Die Here stuur hulle na mense toe wat nie uitverkies is nie, want Kedar is die tweede seun van Ismael, wat die lyn van Kaïn en Lameg – en daarmee die lyn mense wat téén God is – verteenwoordig.
- Die Here sê die Israeliete moet gaan kyk of hierdie mense hulle afgode verlaat.
- Hulle moet gaan ondersoek instel, en dan sal hulle agterkom dat so iets net nie daar gebeur nie.

Die Here hou die duiwel se kinders vir die kerkmense tot voorbeeld. Geliefdes, u besef seker nou hoe droewig die toestand was.

Israel het die kennis van die waaragtige God.

- Hulle weet van die ewige lewe – hulle besit dit.
- Hulle het die glans en glorie van God as 't ware in hulle hande – maar hulle gee dit prys vir leë afgode. Hulle verruil dit vir niks.
- Hulle verkwansel die liefde van God en is tevrede met sy toorn wat hulle in ruil daarvoor kry.
- God, die Here, is 'n Fontein van lewende water wat tussen hulle uitborrel. Maar hulle stop die fontein toe, en bou bakke om reënwater op te vang.

Geliefdes, u moet hierdie beeld goed begryp om te kan verstaan hoe geweldig skerp en bitter Jeremia se prediking was. Hy gebruik die beeld van reënbakke.

- Dié het die Israeliete so gebou dat reënwater daarin geloop het – as dit die slag reën.
- Die goed was uitsluitlik in die woestyn gebou, waar daar baie min reën val. Met ander woorde, as die bakke wel water in gehad het, was dit baie oud.

Ons lees in buitebybelse bronne waarin hierdie bakke volledig beskryf word, dat die water wat in die bakke was, altyd vuil was.

- Dit het waarskynlik gelyk soos wat flou tee lyk.
- Die water het na grond gesmaak en meestal was die water so oud dat daar 'n soort wurm in was.
- Hulle is meer tevrede om sulke water te drink as skoon fonteinwater!
- U begryp hoe skokkend die beeld vir hulle moes wees.

God noem Homself 'n Fontein van lewende water. Hulle was tevrede om Hom en al sy beloftes en genade te verruil vir afgode, wat soos reënbakke is wat met die hand gemaak is, leeg, en uitmekaar gebars vanweë die langdurige droogte. Die beeld sê tog duidelik dat afgode niks kan bied nie.

Dink hier aan wat die Here Jesus Christus vir die Samaritaanse vrou geleer het – dat as sy die gawe van God geken het, sy Lewende Water sou hê om te drink. Bedoelende die ewige lewe, waar sy nooit weer sou dors word nie.

Jeremia skryf in hoofstuk 17:13 die woorde:

o HERE, Verwagting van Israel! almal wat U verlaat, sal beskaamd staan; wie van My afwyk, sal op die aarde geskryf word; want hulle het die HERE, die fontein van lewende water, verlaat. (Jeremia 17:13 AFR1953)

Die teks spreek ook tot ons. Ons het die Lewende Water. Eintlik het ons meer!

- Die Jode rondom Jeremia het net die Ou-Testamentiese openbaring oor God gehad en tog is God vir hulle al 'n lewende fontein.
- Ons het die Nuwe-Testamentiese openbaring van God.
 - Ons het die openbaring van Christus die Here, want Hy het onder ons gelewe, en ons met sy eie mond onderrig.
 - Hy het aan die kruis moes hang soos 'n moordenaar, net omdat ons van God vervreem geraak het.
 - Hy moes die vernedering ondergaan dat mense Hom, wat God is, vermoor het sodat Hy ons kon terugbring na God toe.

Christus het gesterf om opnuut aan ons te bewys dat God vir ons 'n Lewende Fontein is.

- Hy is 'n Bron wat onophoudelik bly gee.
- Hy het selfs sy Seun gegee vir ons behoud.

Daarna het God die Heilige Gees – wat God self is – teruggestuur na ons toe op die aarde.

- Hy is God wat in ons kom woon –
- om ons met wysheid deur die lewe te lei en om ons van God die Vader te verseker, en van al Sy beloftes in Christus te getuig.

Ons ken God in sy volle Drie-Eenheid.

- Ons ken baie meer van God en sy openbaring as wat Israel geken het.
- Die Here Jesus Christus sê vir ons ook meer as wat God vir die Jode gesê het. God het gesê dat Hy vir hulle 'n Fontein van lewende water is.

Maar Christus sê in Johannes 7:38:

Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. (Johannes 7:38 AFR1953)

Daar is 'n groot verskil.

- In die Ou Testament was die lewe beperk tot God in die hemel.
- Maar Christus gee nou die lewe in elkeen van ons – danksy sy verdienste.

Oor 'n paar weke vier ons Nagmaal.

- Die Here Jesus Christus het dit ingestel sodat dit ons voortdurend daarvan kan oortuig dat ons stryd op die aarde nie tevergeefs is nie.
- Dit is daar om ons te verseker dat die water van die lewende Fontein nog elke dag tot ons beskikking is.

Ons het dit nodig. Ons leef nie meer in 'n stryd nie. Ons godsdiens is nie meer vir ons van soveel waarde dat ons opoffer daarvoor nie. God kom heeltemal tweede.

Dit is waar dat God ons in baie opsigte die versaking van ons godsdiens kan verwyt, soos wat Jeremia doen met die Jode.

- Maar dit is net een kant van die saak.
- God het meer liefde en genade as toorn.
- Die Here het nie behae in een van ons se dood nie – die engele in die hemele juig elke keer wanneer een enkele sondaar hom bekeer.

Ons leef onder die genade van God.

- Wanneer u dan saam met God aan sy tafel aansit, en saam die dood van die Here Jesus Christus gedenk, dink daaraan dat dit ook tot vergewing van u sondes was.
- Dink daaraan dat u reeds die ewige lewe soos 'n stromende fontein in u hart het. Christus het dit reeds aan u laat toekom.

Al wat op ons skouers rus, is om nou ons verpligtinge wat God ons oplê, na te kom sodat ons nie die Nagmaal tot ons eie oordeel vier nie, maar om die versoening van God self te gedenk.

Dan sal God met ons praat, met dié woorde:

- My volk het My, die Fontein van die lewende water, aangegryp. Hulle het nie in gekapte reënbakke hulle hulp gaan soek nie.
- Daarom gee Ek aan hulle, soos wat Ek in die Skrif beloof, strome van lewende water wat uit hulle binneste vloei.

Amen.

Slotgebed

Gee ons 'n verligte verstand, en 'n geopende gemoed, o Here, sodat ons U met reikhalsende verlange sal soek. Dat ons geen oomblik U goedheid sal versmaai nie. En ook nie met die verkeerde aksente in die lewe leef nie. Dat ons altyd in alles net U die enige waaragtige God wil ken, liefhê en aanbid.

Om Christus ontwil.

Amen.

Slotpsalm 25:2, 3 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriend'like oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 10 Augustus 2008

Preekopsomming

God noem Homself 'n Fontein van lewende water. Die Israeliete was tevrede om Hom en al sy beloftes en genade te verruil vir afgode, wat soos reënbakke is wat met die hand gemaak is, leeg, en uitmekaar gebars vanweë die langdurige droogte. Die beeld sê tog duidelik dat afgode niks kan bied nie. Die vraag is: Doen ons beter?